

## WANPRAKTYK

## UITVOER VAN LEWENDE DIERE TER SEE 'ONAAANVAARBAAR'

DIE rooivleisbedryf se komitee wat na die versorging van lewende hawe omsien, meen dat lewende diere nie meer vir slagdoelendes ter see uitgevoer mag word nie en dat 'n formele verbod op dié praktyk ingestel moet word. Sommige handelaars voer soms lewende vee uit met die doel om die diere by 'n oorsese bestemming te laat slag. Volgens die komitee is dié praktyk geneig om onnodige en onvermydelike lyding van diere te veroorsaak.

Die komitee sê in 'n persverklaring daar is geen rasonale of aanvaarbare rede om vee

oor lang afstande en vir lang tye in oorvol toestande met baie risiko's te vervoer nie. Volgens die komitee sal Suid-Afrika se internasionale aansien daarby baat vind as hy 'n beginselvaste posisie jeens dié "onmenslike en onaanvaarbare" praktyk inneem.

Die gehalte van die vleis sal volgens die komitee ook deur dié praktyk geraak word. "Daar is geen rede waarom lewende diere nie volgens die voorgeskrewe reëls in Suid-Afrika by 'n uitvoer-abattoir geslag kan word en die vleis dan in verkoelde vorm oorsee gestuur word nie," lui die verklaring.

"Op dié manier word werkgeleenthede in Suid-Afrika geskep en voedselsekereheid bevorder."

Van die basiese beginsels van diersorg waaraan boere en abattoirs moet voldoen, sluit in gemak en skuiling, toegang tot vars water en 'n gesonde voerrantsoen, die teenwoordigheid van ander diere van dieselfde soort, die geleentheid om natuurlik op te tree, die voorkoming of vinnige behandeling van siektes en gepaste hantering.

Talle abattoir-eienaars, veral dié wat verkoelde en bevrore vleis uitvoer, besef die ekonomiese belangrikheid van diere-regte. Hulle voldoen reeds aan die streng standaarde wat deur bedryfsorganisasies, invoerders en die Regering gestel word ten opsigte van diersorg en die behandeling van diere voor hulle geslag word.

## SLAGHUISKOMPETISIE

## CLEAVER-PRYSE SE WENNERS AANGEKONDIG

DIE beste slaghuise op nasionale en streeksvlak is op die 13de Cleaver-prysoorhandiging aangekondig. Dit word geborg deur Freddy Hirsch, produkteverskaffer aan die rooivleisbedryf. Dié kompetisie van die Suid-Afrikaanse Rooivleisbedryfsforum gee erkenning aan slaghuise wat aan die verbruiker se verwagtinge voldoen ten opsigte van higiëne, die voorsiening van puik, gerolmerkte Suid-Afrikaanse beesvleis, die vlak van bevoegdheid wat betref die verskaffing van advies oor maaltydvoorbereiding, asook die indrukke oor waarde vir geld.

Die nasionale wenners in die kategorie vir slaghuise met vier of meer kasregisterpunte was Impala Vleis (platinum), Brits, en Kings Meat Deli (goud), Castle Walk, Erasmuskloof.

In die kategorie vir slaghuise met drie of minder kasregisterpunte het West End Vleismark, Kimberley, die platinumprys ontvang en Boma Vleismark, Olympus, Faerie Glen, goud.

In die kategorie vir voedselmarkte/supermarkslaghuise het The Grove Superspar Riverside, Nelspruit, die platinumprys ontvang en Karaglen Superspar, Edenglen, goud.

Die wenners in die platinumkategorie het elk R20 000 ontvang en die goue wenners elk R10 000.

Die Spar-vleismarkte het spesiale vermelding gekry omdat hulle elke jaar al hoe beter presteer.



Suid-Afrika se beste slaghuise is in Isando met Cleaver-eerbewyse beloon. Die verteenwoordigers van die wenners is voor, van links, mnr. Marius Jordaan (Karaglen Superspar), Rudi Oosthuyse (The Grove Superspar) en Walter Rossouw (Impala Vleis). Agter, van links, is mnr. Eloff du Toit (Kings Meat Deli), José de Klerk (West End Vleismark) en Bertus Steenkamp (Boma Vleismark).

FOTO: YOLANDA VAN DER STOEP

### MEER OOR CLEAVER

Die Cleaver-pryse word sedert 2005 toegeken om slaghuise aan te moedig om hul standaarde te verbeter. Dat dié mikpunt behaal is, word bewys deur terugvoering van verbruikers wat daarop dui dat die Cleaver-pryse as 'n waarmerk van gehalte beskou word. Slaghuise kan nie self daarvoor inskryf nie, maar moet deur hul kliënte benoem word.

Verbruikers van oor die hele Suid-Afrika kon verlede jaar van Oktober tot Desember hul beste slaghuise benoem en vir hulle stem. Meer as 30 000 benoemings is ontvang. Uit dié kandidate is 105 finaliste beoordeel.

Een van die sprekers op vanjaar se prysoorhandigingseremonie was mnr. Rudi van der Westhuizen, uitvoerende direkteur van die Suid-Afrikaanse Vleisbedryfsmaatskappy (Samic). Samic is 'n maatskappy wat deur die plaaslike rooivleisbedryf daargestel is om die gehalte en veiligheid van vleis te verse-

ker. Dié organisasie is verantwoordelik vir die ouditering van die topslaghuise wat vir die Cleaver-pryse benoem is.

### VERSEKER BETER VLEIS

Van der Westhuizen het gesê een van die redes waarom besluit is om die pryse toe te ken, was die bedryf se kommer oor wetgewing en die gehalte van die produkte wat op die verbruiker se bord beland het.

Puik standarde geld by alle abattoirs en ontbeningsaanlegte. Sodra die vleissnitte egter die persele verlaat, val dit nie meer onder die jurisdiksie van die Wet op die Veiligheid van Vleis (Wet 40 van 2000) nie. Die Cleaver-pryse verbeter nou die gehalte van die eindprodukt, spesifiek wat betref higiëne, verbruikergehalteversekering, diens en waarde vir geld.

Slaghuiseienaars en vleishandelaars het die geleentheid aangegryp om verbruikers van 'n beter produk te verseker. **LBW**



### HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102. E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net). WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za).